- (1) The rezoning of Erf 334, from Commercial to Business 1.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Municipality of Trichardt, for a period of 28 days from 13 January 1993.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 52, Trichardt, 2300, within a period of 28 days from 13 January 1993.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 155**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 87**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Boksburg has approved the application for the amendment of the provisions of the Boksburg Town-planning Scheme, 1991, relating to Erven 1 to 65, 67 to 79 and 81 to 155, Windmill Park Extension 2 Township and Erven 159 to 166, 172 to 206, 208 to 240 and 252 to 266, Windmill Park Extension 3 Township.

A copy of the application as approved is open for inspection at all reasonable times at the office of the City Engineer, Boksburg and the office of the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria.

The above-mentioned amendment scheme shall come into operation on 19 March 1993. The attention of all interested parties is drawn to the provisions of section 59 of the above-mentioned Ordinance.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre
BOKSBURG.

(Notice No. 7/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 156**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 88**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Boksburg has approved the application for the amendment of the provisions of the Boksburg Town-planning Scheme, 1991, relating to Erven 145, 146 and 147, Hughes Extension 23 Township.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 152**TRICHARDT-WYSIGINGSKEMA 26****BYLAE 9**

[Regulasie 11 (3)]

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (2) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ons, Temag Investment CC, synde die eienaar van Erf 334, dorp Trichardt, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (ii) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Dorpsraad van Trichardt aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as Trichardt-dorpsbeplanningskema, 1988.

Hierdie aansoek bevat die volgende voorstelle:

- (1) Die hersonering van Erf 334, vanaf Kommersieel na Besigheid 1.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Munisipaliteit van Trichardt, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Januarie 1993.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Januarie 1993 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 52, Trichardt, 2300 ingedien of gerig word.

13-20

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 155**STADSRAAD VAN BOKSBURG****BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 87**

Kennis word hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, gegee dat die Stadsraad van Boksburg die aansoek om die wysiging van die bepalings van die Boksburg-dorpsbeplanningskema, 1991, met betrekking tot Erve 1 tot 65, 67 tot 79 en 81 tot 155, dorp Windmill Park-uitbreiding 2 en Erve 159 tot 166, 172 tot 206, 208 tot 240 en 252 tot 266, dorp Windmill Park-uitbreiding 3 goedgekeur het.

'n Afskrif van die aansoek soos goedgekeur lê te alle redelike tye ter insae by die kantoor van die Stadsingenieur, Boksburg en die kantoor van die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria.

Die bogemelde wysigingskema tree in werking op 19 Maart 1993. Die aandag van alle belanghebbende partye word gevestig op die bepalings van artikel 59 van die bogemelde Ordonnansie.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum
BOKSBURG.

(Kennisgewing No. 7/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 156**STADSRAAD VAN BOKSBURG****BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 88**

Kennis word hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, gegee dat die Stadsraad van Boksburg die aansoek om die wysiging van die bepalings van die Boksburg-dorpsbeplanningskema, 1991, met betrekking tot Erve 145, 146 en 147, dorp Hughes-uitbreiding 23, goedgekeur het.

A copy of the application as approved is open for inspection at all reasonable times at the office of the City Engineer, Boksburg and the office of the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria.

The above-mentioned amendment scheme shall come into operation on 20 January 1993. The attention of all interested parties is drawn to the provisions of section 59 of the above-mentioned Ordinance.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre
BOKSBURG.

20 January 1993.

(Notice No. 4/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 157

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

BRAKPAN AMENDMENT SCHEME 162

NOTICE OF A PROPOSED AMENDMENT OF THE TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

The Town Council of Brakpan, being the owner of Erven 740 – 743, Leachville Extension 3 hereby gives notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, of the proposed amendment of the Brakpan Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of the property described above, from "Residential 1" to "Public Garage" for the establishment of a filling station.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Kingsway Avenue, Brakpan, for a period of 28 days from 20 January 1993.

Objection to, or representations in respect of the application, must be lodged with, or made in writing to the Town Clerk at the above address, or at P.O. Box 15, Brakpan, 1540, within a period of 28 days from 20 January 1993.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Town Hall Building
BRAKPAN.

9 December 1992.

(Notice No. 137/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 158

VILLAGE COUNCIL OF COLIGNY

DETERMINATION OF CHARGES FOR ENTRANCE FEES FOR THE USE OF PUBLIC AMENITIES

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Village Council of Coligny has, by special resolution, determined the charges for the use of public amenities as set out in the Schedule below within effect from 1 August 1992.

'n Afskrif van die aansoek soos goedgekeur lê te alle redelike tye ter insae by die kantoor van die Stadsingenieur, Boksburg en die kantoor van die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria.

Die bogemelde wysigingskema tree in werking op 20 Januarie 1993. Die aandag van alle belanghebbende partye word gevestig op die bepalings van artikel 59 van die bogemelde Ordonnansie.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum
BOKSBURG.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 4/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 157

STADSRAAD VAN BRAKPAN

BRAKPAN-WYSIGINGSKEMA 162

KENNISGEWING VAN 'N VOORGENOME WYSIGING VAN DIE DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986)

Die Stadsraad van Brakpan synde die eienaar van Erve 740 – 743, Leachville-uitbreiding 3, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis van die voorgename wysiging van die Brakpan-dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersoenering van die eiendom hierbo beskryf, vanaf "Residensiële 1" na "Openbare Garage" vir die oprigting van 'n vulstasie.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kingswaylaan, Brakpan vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Januarie 1993.

Besware teen, of verhoë ten opsigte van die aansoek, moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Januarie 1993 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 15, Brakpan, 1540, ingedien of gerig word.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Stadhuis
BRAKPAN.

9 Desember 1992.

(Kennisgewing No. 137/1992)

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 158

DORPSRAAD VAN COLIGNY

VASSTELLING VAN GELDE VIR TOEGANGSFOOIE VIR DIE GEBRUIK VAN OPENBARE GERIEWE

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Dorpsraad van Coligny, by spesiale besluit, die tariewe vir die gebruik van openbare geriewe bepaal het soos uiteengesit in die onderstaande Bylae met ingang vanaf 1 Augustus 1992.

SCHEDULE**TARIFF OF CHARGES**

1. *Tariff for the entrance of the holiday-resort during the hours 07:00 to 21:00:*
 - (a) Per vehicle, R5,00 per day.
 - (b) Per person, 50c per day excluding pre-school children.
 - (c) Season tickets are valid for a period of 12 months from date of issue:
 - (i) Per adult R12,00 per annum.
 - (ii) Per school child R6,00 per annum.
2. *Parking for caravans and tents:*
 - (a) Per day, parking with electricity R10,00.
 - (b) Per day, parking without electricity R5,00.
3. *Rebate*

A rebate of 50% can be allowed to groups of persons and in respect of each caravan taking part in a caravan rally at the holiday resort. The council can on merit on special resolution, decide to allow a further rebate over and above the above-mentioned rebate.

C. JACOBS,

Town Clerk.

Municipal Offices
Voortrekker Street
COLIGNY
2725.

(Notice No. 19/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 159**TOWN COUNCIL OF DELMAS****AMENDMENT OF TARIFFS: HIRING OUT OF MACHINERY AND EQUIPMENT**

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Delmas has, by special resolution, amended the tariffs as set out hereunder with effect from 1 November 1992:

VEHICLES AND EQUIPMENT

Disc plough (large): R8,50 per hour.
Bomag BW 35: R17,50 per hour.
Bomag BW 90 vibrator: R25,00 per hour.

J. LUWES,

Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Offices
P.O. Box 6
DELMAS
2210.

(Notice No. 01/1993)

BYLAE**TARIEF VAN GELDE**

1. *Tarief vir die toegang tot vakansie-oord gedurende die ure 07:00 en 21:00:*
 - (a) Per voertuig, R5,00 per dag.
 - (b) Per persoon, uitgesluit voorskoolse kinders, 50c per dag.
 - (c) Seisoenkaartjies geldig vir 12 maande vanaf datum van uitreiking.
 - (i) Per volwassene, R12,00 per jaar.
 - (ii) Per skoolgaande kind R6,00 per jaar.
2. *Staanplek vir woonwaens en tente:*
 - (a) Per dag, staanplek met elektrisiteit R10,00.
 - (b) Per dag, staanplek sonder elektrisiteit R5,00.
3. *Korting:*

'n Korting van 50% kan aan groepe en ten opsigte van elke karavaan wat aan 'n karavaan saamtrek by die vakansie-oord deelneem toegestaan word. Die Raad kan in meriete gevalle volgens diskresie by wyse van 'n Raadsbesluit 'n verdere korting bo en behalwe die bovermelde korting toestaan.

C. JACOBS,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Voortrekkerstraat
COLIGNY
2725.

(Kennisgewing No. 19/1992)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 159**STADSRAAD VAN DELMAS****WYSIGING VAN TARIWE: VERHUUR VAN TOERUSTING EN MASJINERIE**

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Delmas, by spesiale besluit, die tariwe soos hieronder uiteengesit met ingang 1 November 1992 gewysig het:

VOERTUIG EN TOERUSTING

Skottelploeg (groot): R8,50 per uur.
Bomag BW 35: R17,50 per uur.
Bomag BW 90-vibreerder: R25,00 per uur.

J. LUWES,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Posbus 6
DELMAS
2210.

(Kennisgewing No. 01/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 161**TOWN COUNCIL OF EDENVALE****PROPOSED REZONING AND ALIENATION OF ERVEN 644, 830 AND A PORTION OF ERF 945, MARAIS STEYN PARK, EDENVALE**

The Town Council of Edenvale intends to take the following steps in respect of Erven 644, 830 and a portion of Erf 945, Marais Steyn Park:

1. To amend the Edenvale Town-planning Scheme, 1980, in terms of section 18 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), by rezoning the above-mentioned properties from "Municipal" to "Residential 1", "Residential 2" and "Public Open Space".
2. To alienate the said properties in terms of section 79 (18) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

The Council's resolution and draft scheme in regard to the above-mentioned are open for inspection at Room 317, Municipal Offices, Van Riebeeck Avenue, Edenvale, during office hours for a period of at least twenty-eight (28) days from date of the first publication of this notice which is 20 January 1993.

Any person may in writing lodge any objection with or may make any representation regarding the above-mentioned to the above-mentioned local authority before or on 17 February 1993.

P. J. JACOBS,

Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Offices
P.O. Box 25
EDENVALE
1610.

(Notice No. 1/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 162**CITY OF JOHANNESBURG****MAKING OF HEALTH BY-LAWS FOR CHILDMINDER SERVICES AND REVOCATION OF HEALTH BY-LAWS FOR PRE-SCHOOL INSTITUTIONS**

It is hereby notified in terms of section 96 of Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends to adopt Health By-laws for Childminder Services.

The general purport of the new By-laws is to control childminder services i.e. businesses involving the custody, and care of not more than six children; to provide for the issue and withdrawal of health certificates; to lay down requirements for premises, facilities and equipment; to ensure that proper care, including medical care, of the children is provided; to lay down safety measures; to ensure that adequate records are kept; to authorise entry and inspection of the premises and records and to provide for penalties for offences.

Copies of these By-laws are open for inspection at Room 206, Civic Centre, Braamfontein, for a period of 14 days from the date of publication hereof.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 161**STADSRAAD VAN EDENVALE****VOORGESTELDE HERSONERING EN VERVREEMDING VAN ERWE 644, 830 EN 'N GEDEELTE VAN ERF 945, MARAIS STEYN PARK, EDENVALE**

Die Stadsraad van Edenvale is van voorneme om die volgende stappe te doen ten opsigte van Erwe 644, 830 en 'n gedeelte van Erf 945, Marais Steyn Park:

1. Om die Edenvale-dorpsbeplanningskema, 1980, ingevolge artikel 18 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorp, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), te wysig deur die hersonering van bovermelde eiendomme vanaf "Munisipaal" na "Residensieel 1", "Residensieel 2" en "Openbare Oopruimte".
2. Om die betrokke eiendomme ingevolge artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939) te vervreem.

Die Raad se besluit en ontwerp-skema in verband met die bogenelde lê vir 'n tydperk van minstens agt-en-twintig (28) dae vanaf datum van die eerste publikasie van die kennisgewing naamlik 20 Januarie 1993 gedurende kantoorure by Kamer 317, Munisipale Kantore, Van Riebeecklaan, Edenvale, ter insae.

Enige persoon kan skriftelik enige beswaar indien by of vertoë tot bogenoemde plaaslike bestuur rig ten opsigte van die bogenoemde voor of op 17 Februarie 1993.

P. J. JACOBS,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Posbus 25
EDENVALE
1610.

(Kennisgewing No. 1/1993)

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 162**STAD VAN JOHANNESBURG****DIE OPSTEL VAN GESONDHEIDSVERORDENINGE VIR KINDERVERSORGINGSDIENSTE EN DIE HERROEPING VAN DIE GESONDHEIDSVERORDENINGE VIR VOORSKOOLSE INRIGTING**

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad voornemens is om die Gesondheidsverordeninge vir Kinderversorgingsdienste aan te neem.

Die algemene strekking van die nuwe verordeninge is om kinderversorgingsdienste te beheer, dit wil sê besighede wat die bewering en versorging van hoogstens ses kinders behels; om voorsiening te maak vir die uitreiking en intrekking van gesondheidsertifikate; om vereistes neer te lê vir persele, fasiliteite en toerusting; om te verseker dat kinders behoorlike versorging, met inbegrip van mediese versorging, geniet; om veiligheidsmaatreëls te stipuleer; om te verseker dat daar toereikend rekord gehou word; om magtiging te verleen om persele te betree en te ondersoek en om rekords na te gaan en om voorsiening te maak vir strawwe vir misdrywe.

Afskrifte van hierdie verordeninge is vir 'n tydperk van 14 dae na publikasiedatum hiervan ter insae beskikbaar in Kamer 206, Burgersentrum, Braamfontein.

Any person wishing to object to the said By-laws must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the *Official Gazette*.

GRAHAM COLLINS,

Town Clerk.

Civic Centre
BRAAMFONTEIN;
P.O. Box 1049
JOHANNESBURG
2000.

20 January 1993.

(Notice No. 287/47)

Enigene wat teen die genoemde verordeninge beswaar wil maak, moet sy skriftelike beswaar binne 14 dae na die publikasiedatum van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* skriftelik by ondergenoemde besorg.

GRAHAM COLLINS,

Stadsklerk.

Burgersentrum
BRAAMFONTEIN;
Posbus 1049
JOHANNESBURG
2000.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 287/47)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 163
TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK
CORRECTION NOTICE**

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 336

Local Authority Notice 4863 published in the *Official Gazette* dated 14 October 1992, is hereby corrected by the substitution of the expressions "Erf 2515" and "Erf 2575" where it appears in the English and Afrikaans text, to the expressions "the Remainder of Erf 2575" and "die Restant van Erf 2575".

J. G. MALAN,

Acting Town Clerk.

City Hall,
Margaret Avenue
P.O. Box 13
KEMPTON PARK.

20 January 1993.

(Notice No. 10/1993)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 163
STADSRAAD VAN KEMPTON PARK
REGSTELLINGSKENNISGEWING
KEMPTON PARK-WYSIGINGSKEMA 336**

Plaaslike Bestuurskennisgewing 4863 gepubliseer in die *Offisiële Koerant* gedateer 14 Oktober 1992, word hierby reggestel deur die vervanging van die uitdrukkings "Erf 2515" en "Erf 2575" waar dit in die Afrikaanse en Engelse tekse voorkom met die uitdrukkings "die Restant van Erf 2575" en "the Remainder of Erf 2575".

J. G. MALAN,

Waarnemende Stadsklerk.

Stadhuys
Margarettlaan
Posbus 13
KEMPTON PARK.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 10/1993)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 164
TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP**

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Chief Executive/Town Clerk of Klerksdorp hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, publishes the by-laws set forth herein-after, which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Town Council of Klerksdorp, adopted by the Council under Administrator's Notice 1261, dated 26 July 1972, as amended, are hereby further amended by the insertion in Part A of the Tariff of Charges under the Schedule after item 7 of the following next item 8:

"8. Discount

That a discount of 15% on the tariff applicable to Portion 455 (a portion of Portion 1) of the farm Townlands of Klerksdorp 424 IP, be granted in respect of electricity consumption as from 1 February 1993 until 2 January 2002, as envisaged in the relevant Contract of Purchase and Sale."

J. L. MULLER,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre
KLERKSDORP.

3 December 1992.

(Notice No. 144/1992)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 164
STADSRAAD VAN KLERKSDORP**

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van Klerksdorp publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Stadsraad van Klerksdorp, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1261 van 26 Julie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in Deel A van die Tarief van Gelde onder die Bylae na item 7 die volgende nuwe item 8 in te voeg:

"8. Afslag

Dat 15% afslag op die tarief van toepassing op Gedeelte 455 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Townlands of Klerksdorp 424 IP, toegestaan word ten aansien van elektrisiteitsverbruik vanaf 1 Februarie 1993 tot 2 Januarie 2002, soos beoog in die toepaslike Koopopereenkomste."

J. L. MULLER,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum
KLERKSDORP.

3 Desember 1992.

(Kennisgewing No. 144/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 165**TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP****AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS**

The Chief Executive/Town Clerk of Klerksdorp hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, publishes by by-laws set forth herein-after, which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Town Council of Klerksdorp, adopted by the Council under Administrator's Notice 1486, dated 12 October 1977, as amended, are hereby further amended by the insertion of Scale B of the Tariff of Charges under the Schedule after item 10 of the following next item 11:

"11. Discount

That a discount of 15% on the tariff applicable to Portion 455 (a portion of Portion 1) of the farm Townlands of Klerksdorp 424 IP, be granted in respect of water consumption as from 1 February 1993 until 2 January 2002, as envisaged in the relevant Contract of Purchase and Sale."

J. L. MULLER,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre
KLERKSDORP.

3 December 1992.

(Notice No. 146/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 166**LOCAL AUTHORITY OF KRUGERSDORP****VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1992/1995****(Regulation 12)**

Notice is hereby given in terms of section 16 (4) (a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1 July 1993 to 30 June 1995 of all rateable property within the municipality has been certified by the Chairman of the Valuation Board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned.

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board

17. (1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15 (4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector, within thirty days from the date of publication in the *Official Gazette* of the notice referred to in section 16 (4) (a) or, where the provisions of section 16 (5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 165**STADSRAAD VAN KLERKSDORP****WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-
VERORDENINGE**

Die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van Klerksdorp publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Stadsraad van Klerksdorp, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1486 van 12 Oktober 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in Skaal B van die Tarief van Gelde onder die Bylae na item 10 die volgende nuwe item 11 in te voeg:

"11. Afslag

Dat 15% afslag op die tarief van toepassing op Gedeelte 455 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Townlands of Klerksdorp 424 IP, toegestaan word ten aansien van waterverbruik vanaf 1 Februarie 1993 tot 2 Januarie 2002, soos beoog in die toepaslike Koopopreenskoms."

J. L. MULLER,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum
KLERKSDORP.

3 Desember 1992.

(Kennisgewing No. 146/1992)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 166**PLAASLIKE BESTUUR VAN KRUGERSDORP****WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1992/1995****(Regulasie 12)**

Kennis word hierby ingevolge artikel 16 (4) (a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), gegee dat die waarderingslys vir die boekjaar 1 Julie 1992 tot 30 Junie 1995 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die Voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone.

Die aandag word gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad

17. (1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15 (4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad te opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die *Offisiële Koerant* van die kennisgewing in artikel 16 (4) (a) genoem of, waar die bepalinge van artikel 16 (5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the Secretary of the Valuation Board.

J. L. VAN DER WALT,
Secretary: Valuation Board.
First Floor
Jack Smiedt Centre
90 Commissioner Street
P.O. Box 94
KRUGERSDORP.
(Notice No. 2/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 167

LOCAL AUTHORITY OF KRUGERSDORP

SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1991/1992

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of section 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial year 1991/1992 of all rateable property within the municipality has been certified by the Chairman of the Valuation Board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned.

J. L. VAN DER WALT,
Secretary: Valuation Board.
First Floor
Jack Smiedt Centre
90 Commissioner Street
P.O. Box 94
KRUGERSDORP.
(Notice No. 1/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 168

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP

AMENDMENT TO STANDARD STANDING ORDERS

The Town Clerk of Krugersdorp hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Standard Standing Orders of the Krugersdorp Municipality, adopted by the Council under Local Authority Notice 318, dated 8 February 1989, as amended, are hereby further amended by the substitution in sections 4 (1) and 37 (3) for the words "one minute" wherever it appears of the words "thirty seconds".

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Town Clerk.
Civic Centre
P.O. Box 94
KRUGERSDORP
1740.
20 January 1993.
(Notice No. 6/1993)

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word kan op dergelike wyse teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die Sekretaris van die Waarderingsraad verkry word.

J. L. VAN DER WALT,
Sekretaris: Waarderingsraad.
Eerste Verdieping
Jack Smiedtsentrum
Kommissarisstraat 90
Posbus 94
KRUGERSDORP.
(Kennisgewing No. 2/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 167

PLAASLIKE BESTUUR VAN KRUGERSDORP

AANVULLENDE WAARDERINGSLYS VAN DIE BOEKJAAR 1991/1992

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge artikel 37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), gegee dat die aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1991/1992 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die Voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone.

J. L. VAN DER WALT,
Sekretaris: Waarderingsraad.
Eerste Verdieping
Jack Smiedtsentrum
Kommissarisstraat 90
Posbus 94
KRUGERSDORP.
(Kennisgewing No. 1/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 168

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP

WYSIGING VAN STANDAARD REGLEMENT VAN ORDE

Die Stadsklerk van Krugersdorp, publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Standaard Reglement van Orde van die Munisipaliteit van Krugersdorp, deur die Raad aangeneem by Plaaslike Bestuurskennisgewing 318 van 8 Februarie 1989, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikels 4 (1) en 37 (3) die woorde "een minuut" waar dit voorkom deur die woorde "dertig sekondes" te vervang.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Stadsklerk.
Burgersentrum
Posbus 94
KRUGERSDORP
1740.
20 Januarie 1993.
(Kennisgewing No. 6/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 169**TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP****AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS**

The Town Clerk of Krugersdorp hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by laws set forth hereinafter, which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Krugersdorp Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 707, dated 24 May 1978, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 2 (1) of the Tariff of charges under the schedule for the figures "R1,34" and "R1,24" of the figures "R1,385" and "R1,285" respectively.

The above provision is applicable to all accounts rendered on or after 1 November 1992.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Town Clerk.

Civic Centre
P.O. Box 94
KRUGERSDORP
1740.

20 January 1993.

(Notice No. 5/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 169**STADSRAAD VAN KRUGERSDORP****WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-
VERORDENINGE**

Die Stadsklerk van Krugersdorp, publiseer hierby ingevole artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit van Krugersdorp, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 707 van 24 Mei 1978, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 2 (1) van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfers "R1,34" en "R1,24" onderskeidelik deur die syfers "R1,385" en "R1,285" te vervang.

Hierdie wysiging is van toepassing op alle rekeninge wat op of na 1 November 1992 gelewer is.

M. C. C. OOSTHUIZEN,

Stadsklerk.

Burgersentrum
Posbus 94
KRUGERSDORP
1740.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 5/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 170**TOWN COUNCIL OF LOUIS TRICHARDT****DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION
80B (1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, No.
17 OF 1939, AS AMENDED****LEASE OF ACTIVITY ROOM IN LIBRARY BUILDING**

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, notice is hereby given that the Town Council of Louis Trichardt in terms of section 80B (1) of the said Ordinance by Special Resolution dated 28 July 1992 determined the charges as set out in the following Tariff of Charges with effect from 1 August 1992:

"TARIFF OF CHARGES

The rental in respect of the Activity Room in the Library Building for the purpose of meetings, seminars, conferences, congresses, lectures and courses payable per hour or part thereof between 08:00 and 24:00 is as follows:

<i>Category of User</i>	<i>Tariff per hour</i>
1. Tariff A	
Any proceedings not mentioned under Tariff B and C	R60,00
2. Tariff B	
Any proceedings presented at amateur level.....	R40,00

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 170**STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT****VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B
(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR,
No. 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG****VERHURING VAN AKTIWITEITSKAMER IN BIBLIOTEEK-
GEBOU**

Ooreenkomstig artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt ingevolge die bepaling van artikel 80B (1) van bogemelde Ordonnansie, by spesiale besluit gedateer 28 Julie 1992 die tariewe soos vervat in die volgende Tarief van Gelde met ingang van 1 Augustus 1992 vasgestel het:

"TARIEF VAN GELDE

Die huurgeld ten opsigte van die Aktiwiteitskamer in die Biblioteekgebou vir die doel van vergaderings, seminare, konferensies, kongresse, lesings en kursusse betaalbaar per uur of gedeelte daarvan tussen 08:00 en 24:00 is soos volg:

<i>Klas Gebruiker</i>	<i>Tarief per uur</i>
1. Tarief A	
Enige verrigtinge nie onder Tarief B en C vermeld nie	R60,00
2. Tarief B	
Enige verrigtinge wat op amateursvlak aangebied word	R40,00

Category of User	Tariff per hour	Klas Gebruiker	Tarief per uur
3. Tariff C		3. Tarief C	
Any proceedings in aid of charity, or functions in aid of a registered welfare organisation, churches, schools and related organisations, the full return of which, if any, is to the credit of such organisation.....	R20,00"	Enige verrigtinge ten bate van liefdadigheid, of funksies ten bate van 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie, kerke, skole en aanverwante organisasies waar die volle opbrengs, indien enige, tot die krediet van so 'n organisasie is	R20,00"
H. F. BASSON, Chief Executive/Town Clerk. Civic Centre Voortrekker Square Krogh Street P.O. Box 96 LOUIS TRICHARDT 0920. 20 January 1993. (Notice No. 6/1993)		H. F. BASSON, Uitvoerende Hoof/Stadsklerk. Burgersentrum Voortrekkerplein Kroghstraat Posbus 96 LOUIS TRICHARDT 0920. 20 Januarie 1993. (Kennisgewing No. 6/1993)	

LOCAL AUTHORITY NOTICE 171
TOWN COUNCIL OF MARBLE HALL
BURSARY LOAN FUND BY-LAWS

The Acting Chief Executive/Town Clerk of Marble Hall hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

Definitions

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates—

"bursary loan" means a loan from the Bursary Loan Fund granted to an officer for study purposes as payment for registration, examination and course fees at an educational institution or institute;

"bursary loan fund" means the fund established by the Council in terms of section 79 (51) of the Local Government Ordinance, 1939, to make provision for the granting of bursary loans and bursaries;

"Council" means the Town Council of Marble Hall, the Council's Management Committee, acting under the powers delegated to it in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"Educational institution" means an institution referred to in section 79 (16) (d) and (51) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939);

"officer" means an officer permanently appointed in the service of the Council;

"study period" means the period of the course as approved by the Council and for which a study loan has been granted.

Purpose of the by-laws

2. The purpose of these by-laws is to control and regulate the granting of bursaries and bursary loans and matters incidental thereto.

Bursary loan fund

3. The Council may establish a bursary loan fund and deposit such sums of money therein as the Council may decide upon from time to time.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 171
STADSRAAD VAN MARBLE HALL

BEURSLENINGSFONDSVERORDENINGE

Die Waarnemende Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van Marble Hall publiseer hierby ingevolge die bepalings van artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken—

"beamples" 'n beampste aangestel in 'n permanente pos op die vaste diensstaat van die Raad;

"beurslening" 'n lening uit die Beursleningsfonds toegeken aan 'n beampste vir studiedoeleindes ter delging van registrasie-, eksamen- en kursusgelde aan 'n opvoedkundige inrigting of instituut;

"beursleningsfonds" 'n fonds deur die Raad gestig ingevolge die bepalings van artikel 79 (51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, om voorsiening te maak vir die toeken van beurslenings en studiebeurse;

"opvoedkundige inrigting" 'n inrigting in artikel 79 (16) (d) en (51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), genoem;

"Raad" van Stadsraad van Marble Hall, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiegings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampste aan wie die Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

"studieperiode" die tydperk wat die kursus soos goedgekeur deur die Raad, duur en ten opsigte waarvan 'n beurslening toegeken is.

Doel van verordeninge

2. Die doel van hierdie verordeninge is om die teken van beurse en beurslenings en aangeleenthede in verband daarmee te reël en te beheer.

Beurslenings

3. Die Raad kan 'n beursleningsfonds stig en sodanige bedrae geld daarin stort as waartoe die Raad van tyd tot tyd besluit.

Granting bursary loans to officers

4. (1) A bursary loan shall be granted to an officer who—
- (a) is in the permanent employ of the Council;
 - (b) qualifies for admission to a specific course at the educational institution concerned; and
 - (c) is a resident or consumer of Marble Hall.

(2) A bursary loan shall only be granted if the Council is satisfied that the particular course will provide an officer with the necessary training and academical background in the procedures of local government, and the course is approved by the Council.

(3) A bursary loan to an officer engaged in master or doctoral studies at an educational institution may provide for expenses incurred in respect of typing, printing and binding of papers of treatises as decided from time to time by the Council.

(4) Unless the Council approves a higher amount, the maximum yearly loan amount shall be equal to the actual costs of the study units plus an amount of R500 in respect of prescribed textbooks on condition that proof of the purchase thereof shall be given.

5. (1) An officer shall apply for a bursary loan on the prescribed form and shall supply full particulars of the intended course, stating the subjects and modules, as well as the educational institution where classes will be attended or from which study material will be obtained, as well as the costs of the course.

(2) A bursary loan shall not be paid out before—

- (a) the Council has approved the specific course an officer intends to follow; and
- (b) such officer has entered into a written agreement with the council wherein the provisions of these by-laws are confirmed.

Financing and redemption of bursary by-laws

6. (1) Registration and study expenses covered by a bursary shall, for the duration of the course, be paid by the Council directly to the educational institution concerned on submission of an account, or to the officer concerned on submission of a receipt.

(2) At the end of the study period in which a bursary loan was applicable, and within 21 days after the examination results or re-examination results have been made public, the officer shall submit satisfactory proof of examination results to the Council in respect of the subjects and modules for which he was enrolled at the beginning of the study period and in respect of which the bursary loan was granted.

(3) The Council will as a token of appreciation for subjects passed, write off that portion of the bursary loan *pro rata* to the total bursary loan: Provided that such officer undertakes to stay in the employ of the Council for the prescribed period in terms of section 7, and accordingly remains in the Council's employ.

(4) If an officer fails any subject or module in a specific period of study, he shall be obliged to repay that portion of his bursary loan *pro rata* to the total amount of the bursary loan in a maximum of 12 equal instalments to the Council, as well as interest as determined by the Administrator at that stage in accordance with the provisions of section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, as amended: Provided that—

- (a) the first instalment shall be payable on the first of the month following that on which the examination results are made known;
- (b) any instalment due in terms of this subsection shall be deducted monthly from the salary of such officer by the Council; and
- (c) should an officer fail any subject or module in a specific period of study and should such an officer undertake to repeat the subject or module concerned at his own expense, the provisions of subsection (3) shall be applicable after successful completion thereof.

Toekenning van beurslenings aan beamptes

4. (1) 'n Beurslening word toegeken aan 'n beampte wat—

- (a) in 'n permanente pos in die Raad se diens aangestel is;
- (b) kwalifiseer vir toelating tot die besondere kursus aan die betrokke opvoedkundige inrigting; en
- (c) wat 'n inwoner of diensteverbruiker van Marble Hall is.

(2) 'n Beurslening word slegs toegeken indien die Raad oortuig is dat die besondere kursus die nodige opleiding en akademiese agtergrond in die werksaamhede van plaaslike besture aan 'n beampte sal verskaf en die kursus deur die Raad goedgekeur is.

(3) 'n Beurslening aan 'n beampte wat besig is met magister of doktorsale studies aan 'n opvoedkundige inrigting kan ook voorsiening maak vir koste aangegaan ten opsigte van tik-, druk- en bindwerk van skripsies of verhandelinge soos van tyd tot tyd deur die Raad besluit.

(4) Tensy die Raad 'n hoër bedrag goedkeur, staan die maksimum jaarlikse leningsbedrag gelyk aan die werklike koste van die studie eenhede, plus 'n bedrag van R500 ten opsigte van voorgeskrewe handboeke op voorwaarde dat bewys van aankoop daarvan voorgelê word.

5. (1) 'n Beampte moet skriftelik om 'n beurslening aansoek doen op die voorgeskrewe vorm en volle besonderhede verstrek van die beoogde kursus met vermelding van die vakke en modules, asook die opvoedkundige inrigting waar klasse geloop of studies verkry sal word, asook die koste verbonde aan die kursus.

(2) 'n Beurslening word nie uitbetaal nie alvorens—

- (a) die Raad die betrokke kursus wat sodanige beampte van voorneme is om te volg goedgekeur het; en
- (b) sodanige beampte 'n skriftelike ooreenkoms met die Raad aangegaan het, waarin die bepalings van hierdie verordeninge herbevestig word.

Finansiering en delging van beurslenings

6. (1) Registrasie en studiekoste wat deur 'n beurslening gedek word, word tydens die duur van die kursus deur die Raad direk aan die betrokke opvoedkundige inrigting by voorlegging van 'n rekening, of aan 'n beampte by voorlegging van 'n kwitansie betaal.

(2) Aan die einde van die studieperiode waarop die beurslening betrekking het, en binne 21 dae nadat eksamenuitslae of hereksamen uitslae bekend is, lê die beampte aan die Raad bevredigende bewys voor van eksamenuitslae ten opsigte van die vakke en modules waarvoor ingeskryf is aan die begin van daardie studieperiode en waarvoor 'n studielening toegeken is.

(3) Die Raad sal as blyk van erkenning vir vakke geslaag, daardie gedeelte van die beurslening *pro rata* tot die totale beurslening afskryf: Met dien verstande dat die betrokke beampte hom ingevolge artikel 7 verbind om vir die voorgeskrewe tydperk in die Raad se diens aan te bly en dienoreenkomstig in die Raad se diens aanbly.

(4) Indien 'n beampte enige vakke of modules in 'n bepaalde studieperiode druipe is hy verplig om daardie gedeelte van die beurslening *pro rata* tot die totale beurslening in 'n maksimum van 12 gelyke paaielemente aan die Raad terug te betaal, plus rente soos deur die Administrateur vasgestel op daardie stadium ingevolge die bepalings van artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig: Met dien verstande dat—

- (a) die eerste paaielement betaalbaar is op die eerste dag van die maand wat volg op die bekendmaking van eksamenuitslae of hereksamenuitslae;
- (b) enige paaielement verskuldig ingevolge hierdie subartikel maandeliks deur die Raad van sodanige beampte se salaris verhaal sal word; en
- (c) indien 'n beampte enige vak of module in 'n bepaalde studieperiode druipe en sodanige beampte onderneem om die betrokke vak of module op eie koste te herhaal, sal die bepalings van subartikel (3) geld by suksesvolle aflegging daarvan.

Compulsory services by officer

7. (1) An officer shall be obliged to work for the Council, subject to the Council's normal service and leave conditions, upon each successful study period for which a bursary loan was granted, for a period equally to his study period.

(2) Should an officer to whom a bursary loan was granted, leave the employ of the Council before completing an equal period of service as contemplated in subsection (1), of the officer shall be obliged to repay the bursary loan to the Council *pro rata* to the period employed after the completion of the successful study period, and the provisions of section 9 shall be applicable.

Suspension of bursary loans

8. (1) The Council may suspend a bursary loan if in its sole discretion the Council is of the opinion that the officer is guilty of misconduct, has not made satisfactory progress with his studies, or fails to meet any obligation in terms of these by-laws or the bursary loan agreement.

(2) In the event of the Council suspending a bursary loan on grounds of unsatisfactory progress with his studies, the Council may allow such an officer to continue with the approved course at his own expense: Provided that if the Council is satisfied that such an officer progresses with his course, a further loan may be granted to him, subject to such conditions as the Council may deem fit.

(3) In the event of the Council suspending a bursary loan or an officer suspending his studies or abandoning his bursary loan, the officer shall immediately repay the Council the amount of the bursary loan and the provisions of section 6 shall be applicable.

9. (1) The full amount of a bursary loan or any outstanding portion thereof, and notwithstanding anything to the contrary, shall immediately be due and payable in the event of an officer leaving the service of the Council, and the Council shall be entitled to withhold any salary, wages, compensation or any other money due to such officer and to appropriate it for the payment of the due amount.

(2) A bursary loan or any portion thereof still outstanding on the last working day of such an officer shall bear interest at a rate fixed at that stage by the Administrator in terms of section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, as amended.

Restriction on further bursary loans

10. An officer who fails to write examination in a subject or module for which he has enrolled in any study year, shall not receive any further bursary loan, unless such an officer provides acceptable reasons for the failure and such reasons are approved by the Council and the loan shall be repayable in accordance with the provisions of section 6.

A. RODEN,

Acting Chief Executive/Town Clerk.

Municipal Office
P.O. Box 111
MARBLE HALL
0450.

20 January 1993.

(Notice No. 6/1992)

Verpligte diens deur beampte

7. (1) 'n Beampte is verplig om vir elke suksesvolle studieperiode ten opsigte waarvan 'n beurslening toegestaan is, vir 'n tydperk gelykstaande aan die studietydperk diens aan die Raad te lewer onderhewig aan die Raad se normale diens en verlofvoorwaardes.

(2) Indien 'n beampte aan wie 'n beurslening toegestaan is, die Raad se diens verlaat alvorens hy die gelykstaande tydperk diens soos bedoel in subartikel (1) aan die Raad gelewer het, is hy verplig om die studiebeurs *pro rata* tot die tydperk gewerk na afloop van die suksesvolle studieperiode, aan die Raad terug te betaal en is die bepalinge van artikel 9 van toepassing.

Intrekking van beurslenings

8. (1) Die Raad kan 'n beurslening te eniger tyd intrek indien hy volgens sy uitsluitlike diskresie van oordeel is dat die beampte aan wangedrag skuldig is, nie bevredigende vordering met die studies gemaak het nie of enige ander verpligtings ingevolge hierdie verordeninge of die beursleningsooreenkoms nie nakom nie.

(2) Indien die Raad 'n beurslening intrek op grond daarvan dat die beampte nie bevredigende vordering met die studies gemaak het nie, kan die Raad die beampte toelaat om op eie koste die goedgekeurde kursus voort te sit: Met dien verstande dat indien sodanige beampte na die oordeel van die Raad bevredigend met die kursus vorder, 'n verdere lening aan hom toegeken mag word op sodanige voorwaardes as wat die Raad dienstig ag.

(3) Indien die Raad 'n beurslening intrek, of indien 'n beampte te eniger tyd sy studies staak of van die lening afstand doen, moet die beampte die beurslening onmiddellik aan die Raad terugbetaal en is die bepalinge van artikel 6 van toepassing.

9. (1) Indien 'n beampte te eniger tyd die Raad se diens verlaat om welke rede ookal en niesteenstaande enige bepaling tot die teendeel, is die volle bedrag van die beurslening of enige uitstaande gedeelte daarvan, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar en het die Raad die reg om enige salaris, loon, kompensasie of enige ander gelde wat aan sodanige beampte verskuldig mag wees, beslag te lê en dit ter delging van die verskuldigde bedrag aan te wend.

(2) 'n Beurslening of enige gedeelte daarvan wat op 'n beampte se laaste werksdag nog uitstaande is, dra rente teen die koers soos deur die Administrateur vasgestel op daardie stadium ingevolge die bepalinge van artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig.

Beperking op verdere beurslenings

10. 'n Beampte wat versuim om eksamen af te lê in 'n vak of module waarvoor hy in enige studiejaar ingeskryf het, ontvang nie enige verdere beurslening nie tensy sodanige beampte aanvaarbare redes aan die Raad vir sy versuim voorhou en die Raad dit goedkeur en is die lening terugbetaalbaar ingevolge die bepalinge van artikel 6.

A. RODEN,

Waarnemende Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Posbus 111
MARBLE HALL
0450.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 6/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 172**TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG, TRANSVAAL****NOTICE OF INTENTION TO ESTABLISH TOWNSHIP BY
LOCAL AUTHORITY**

The Town Council of Middelburg, Transvaal, hereby gives notice in terms of section 108 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that it intends establishing a township consisting of the following erven on a portion of Remainder of Portion 27 and a portion of Remainder of Portion 30 of the farm Middelburg, Town and Townlands 287 JS:

Special Residential: 13.

Further particulars of the Township will lie for inspection during normal office hours at the Office of the Town Secretary, Municipal Offices, Wanderers Avenue, Room C314, for a period of 28 days from 20 January 1993.

Objections to or representations in respect of the Township must be lodged with or made in writing to the Town Secretary at the above address or at P.O. Box 14, Middelburg, 1050, within a period of 28 days from 20 January 1993.

W. D. FOUCHÉ,

Town Clerk.

P.O. Box 14
MIDDELBURG
1050.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 173**TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG****MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME 165****NOTICE OF APPROVAL**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Portion 222 of Remainder of Portion 27, Middelburg Town and Townlands 287 JS, to "Special" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria as well as the Town Clerk Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 165 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

W. D. FOUCHÉ,

Town Clerk.

Municipal Offices
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
MIDDELBURG
1050.

20 January 1993.

(Notice No. 4/W/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 172**STADSRAAD VAN MIDDELBURG, TRANSVAAL****KENNISGEWING VAN VOORNEME DEUR PLAASLIKE
BESTUUR OM DORP TE STIG**

Die Stadsraad van Middelburg, Transvaal, gee hiermee ingevolge artikel 108 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat hy van voornemens is om 'n dorp bestaande uit die volgende erwe op 'n gedeelte van Restant van Gedeelte 27 en 'n gedeelte van Restant van Gedeelte 30 van die plaas Middelburg Town and Townlands 287 JS te stig:

Spesiale Woon: 13.

Verdere besonderhede van die dorp lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Gebou, Wandererslaan, Kamer C314, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Januarie 1993.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die dorp moet skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of Posbus 14, Middelburg, 1050, binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 20 Januarie 1993 ingedien of gerig word.

W. D. FOUCHÉ

Stadsklerk.

Posbus 14
MIDDELBURG
1050.

20-27

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 173**STADSRAAD VAN MIDDELBURG****MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 165****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby Gedeelte 222 van Restant van Gedeelte 27, Middelburg Town and Townlands 287 JS, na "Spesiaal" hersoneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria, asook die Stadsklerk Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 165 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

W. D. FOUCHÉ,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
MIDDELBURG
1050.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 4/W/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 174**TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG****MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME 205****NOTICE OF APPROVAL**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Portion 7 of Erf 871, Middelburg, to "Special" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria, as well as the Town Clerk of Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 205 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

W. D. FOUCHÉ,

Town Clerk.

Municipal Offices
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
MIDDELBURG
1050.

20 January 1993.

(Notice No. 3/W/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 174**STADSRAAD VAN MIDDELBURG****MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 205****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van 'die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby Gedeelte 7 van Erf 871, Middelburg, na "Spesiaal" hersoneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria, asook die Stadsklerk van Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 205 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

W. D. FOUCHÉ,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
MIDDELBURG
1050.

20 Januarie 1993

(Kennisgewing No. 3/W/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 175**STADSRAAD VAN MIDDELBURG****MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 200****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby die Restant van Erf 97 en Gedeelte 2 van Erf 104, Middelburg, na "Spesiaal" hersoneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria, asook die Stadsklerk van Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 200 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

W. D. FOUCHÉ,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
MIDDELBURG
1050.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 2/W/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 175**TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG****MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME 200****NOTICE OF APPROVAL**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the Remainder of Erf 97 and Portion 2 of Erf 104, Middelburg, to "Special" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria, as well as the Town Clerk of Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 200 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

W. D. FOUCHÉ,

Town Clerk.

Municipal Offices
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
MIDDELBURG
1050.

20 January 1993.

(Notice No. 2/W/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 176**TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG****MIDDELBURG AMENDMENT SCHEME 206****NOTICE OF APPROVAL**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the Town Council of Middelburg has approved the amendment scheme of the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the Remainder of Erf 128, Middelburg, to "General Residential 2" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme, will lie open for inspection at all reasonable times at the offices of the Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Pretoria, as well as the Town Clerk of Middelburg, Municipal Buildings, Wanderers Avenue.

This amendment is known as Middelburg Amendment Scheme 206 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

W. D. FOUCHÉ,

Town Clerk.

Municipal Offices
Wanderers Avenue
P.O. Box 14
MIDDELBURG
1050.

20 January 1993.

(Notice No. 1/W/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 176**STADSRAAD VAN MIDDELBURG****MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA 206****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis gegee dat die Stadsraad van Middelburg die wysiging van die Middelburg-dorpsbeplanningskema, 1974, waarby die Restant van Erf 128, Middelburg, na "Algemene Woon 2" hersoneer word, onderhewig aan sekere voorwaardes, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Pretoria, asook die Stadsklerk van Middelburg, Munisipale Kantore, Wandererslaan.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema 206 en tree op datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

W. D. FOUCHÉ,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Wandererslaan
Posbus 14
MIDDELBURG
1050.

20 Januarie 1993.

(Kennisgewing No. 1/W/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 177**TOWN COUNCIL OF MIDRAND****AMENDMENT OF THE CHARGES PAYABLE FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES AND THE FURNISHING OF INFORMATION**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), that the Town Council of Midrand has by special resolution, revokes the Tariff of Charges under the By-laws relating to the Issuing of Certificates and the Furnishing of Information, published by Administrator's Notice No. 227 of 22 February 1978 *in toto*, to be substituted by the undermentioned tariffs:

TARIFF OF CHARGES

- | | |
|--|--------|
| 1. For the supply of any certificate in terms of the Local Government Ordinance, 1939, or any other Ordinance, applicable to the Council, and for which no charge is otherwise prescribed by such Ordinance..... | R3,00 |
| 2. For the furnishing, in accordance with the records of the Council, of any information relating to properties situated within the area of jurisdiction of the Council, including the search for the name or address, or both, of the owner, on written enquiry, in the manner determined by the Council from time to time: In respect of each individual property..... | R3,00 |
| 3. For the inspection of any deed, document or diagram or any details relating hereto..... | R3,00 |
| 4. Memorandum regarding the calculation of clearance figures..... | R10,00 |

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 177**STADSRAAD VAN MIDRAND****WYSIGING VAN GELDE BETAALBAAR VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN DIE VERSTREKKING VAN INLIGTING**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), dat die Stadsraad van Midrand, by spesiale besluit, die Tarief van Gelde onder die Verordeninge betreffende die Uitreiking van Sertifikate en die Verstreking van Inligting, afgekondig met Administrateurs-kennisgewing 227 van 22 Februarie 1978 *in toto* herroep en met die onderstaande tariewe ontvang:

TARIEF VAN GELDE

- | | |
|--|--------|
| 1. Vir die verskaffing van enige sertifikaat ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of enige ander Ordonnansie wat op die Raad van toepassing is en waarvoor geen gelde andersins deur sodanige Ordonnansie voorgeskryf word nie | R3,00 |
| 2. Vir die verstreking, volgens die rekords van die Raad, van enige inligting wat betrekking het op eiendomme geleë binne die regsgebied van die Raad, met inbegrip van die soek na die naam of adres, of beide, van die eienaar, op skriftelike navraag, op die wyse soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal: Ten opsigte van elke afsonderlike eiendom | R3,00 |
| 3. Vir die inspeksie van enige akte, dokument of kaart of enige besonderhede wat daarop betrekking het..... | R3,00 |
| 4. Memorandum ten opsigte van berekening van uitklaringsyfers | R10,00 |

5. Valuations		5. Waardasies	
(1) Full valuation roll	R250,00	(1) Volle waardasierol	R250,00
(2) Valuation roll per page	R1,00	(2) Waardasierol per bladsy	R1,00
(3) Valuation certificate	R3,00	(3) Waarderingsertifikaat	R3,00
(4) Temporary valuation certificate	R3,00	(4) Voorlopige waarderingsertifikaat	R3,00
(5) Valuation certificate for the purpose of an estate of any other purposes in respect of valuations in valuation rolls already expired	R4,00	(5) Waarderingsertifikaat vir boedel- of ander doeleindes ten opsigte van waarderings in waarderingslyste wat reeds verval het	R4,00
(6) Valuation certificate for old age pension purposes	R1,00	(6) Waarderingsertifikaat vir ouderdom-pensioendoeleindes	R1,00
6. Addresses		6. Adresse	
(1) For the furnishing of any registered address	R3,00	(1) Vir die verstrekking van enige geregistreerde adres	R3,00
(2) Full address list	R200,00	(2) Volledige adreslys	R200,00
(3) Address list per page	R1,00	(3) Adreslys per bladsy	R1,00
(4) Address labels per page	R4,00	(4) Adresetikette per bladsy	R4,00
7. For any written information: Additional to the charges in terms of item 3:		7. Vir enige skriftelike inligting: Benewens die gelde ingevolge item 3:	
Per page A4	R1,00	Per bladsy A4	R1,00
Per page A3	R2,00	Per bladsy A3	R2,00
8. Searching time for official documents:		8. Soektyd vir amptelike dokumente:	
(1) For the first 15 minutes or part thereof	R3,00	(1) Vir die eerste 15 minute of gedeelte daarvan	R3,00
(2) For every following 15 minutes or part thereof	R2,00	(2) Vir elke volgende 15 minute of gedeelte daarvan	R2,00
9. Voters' roll		9. Kieserslyste	
(1) Full voters' roll	R200,00	(1) Volle kieserslys	R200,00
(2) Voters' roll per ward	R30,00	(2) Kieserslys per wyk	R30,00
(3) Extract from voters' roll, per page A4 ..	R1,00	(3) Uittreksels uit kieserslys, per bladsy A4	R1,00
10. Licence lists		10. Lisensielyste	
(1) Full licence list	R50,00	(1) Volle lisensielys	R50,00
(2) Licence list per page	R1,00	(2) Lisensielys per bladsy	R1,00
11. Guidelines for the Planning and Maintenance of Drainage, Main Lines and Networks		11. Riglyne vir die Ontwerp en Instandhouding van Riolerings, Hooflyne en Netwerke	
	R50,00		R50,00
12. Guidelines for the Planning and Maintenance of Water supply Structure, Main Lines and Networks		12. Riglyne vir die Ontwerp en Instandhouding van Watervoorsiening Struktuur, Hooflyne en Netwerke	
	R50,00		R50,00
13. Charges payable for the consideration and approval of building and drainage plans:		13. Gelde betaalbaar vir die oorweging en goedkeuring van bou- en dreineringsplanne:	
(1) For every 10 square meter or part thereof, of the gross floor area	R20,00	(1) Vir elke 10 vierkante meter of gedeelte daarvan, van die bruto vloer-ruimte	R20,00
(2) For amendments and deviations: 50% of the charges in terms of sub-item 13 (1)		(2) Vir verwysings en afwykings: 50% van die gelde soos bepaal in subitem 13 (1)	
(3) Charges payable for examination of preliminary building or drainage sketch plans, as contemplated in Regulation A3 of the National Building Regulations, promulgated under Government Notice R. 1726 of 26 August 1988: 50% of the charges in terms of subitem 13 (1):		(3) Gelde betaalbaar vir die ondersoek van voorlopige bou- en riool sketsplanne soos bedoel in Regulasie A3 van die Nasionale Bouregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1726 van 26 Augustus 1988: 50% van die gelde soos bepaal in subitem 13 (1).	
(4) Provided that:		(4) Met dien verstande dat:	
(i) Where building plans for the approval of shade nets are submitted the charges for every 10 square metres or part thereof will be	R3,00	(i) Waar bouplanne vir die goedkeuring van skadunette voorgelê word, is die tarief vir elke 10 vierkante meter of gedeelte daarvan ..	R3,00
(ii) The minimum charges payable for any approval as determined in subitem 13 (1), 13 (2), 13 (3) and 13 (4) will be	R75,00	(ii) Die minimum gelde betaalbaar vir enige goedkeuring vervat in subitem 13 (1), 13 (2), 13 (3) en 13 (4)	R75,00

(iii) Where approval for a plan has lapsed in terms of section 7 (4) of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act No. 103 of 1977), the charges payable for the renewal of such plan shall be 50% of the charges applicable at the time of the renewal, with a minimum charge of R75,00

(5) In calculating the area referred to in subitem 13 (1), 13 (2) and 13 (3), the total dimensions of the building at each storey, but excluding the area of an external staircase, chimneybreast, buttress and eaves projection to a maximum of 1 m, and other projections, shall be taken into account.

(6) In the event of a re-inspection to be carried out at a property due to work not properly completed or not being attended by the responsible person concerned, the charges applicable for each re-inspection will be R30,00

(7) Approval of subordinated building operations as described in terms of section 13 of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act No. 103 of 1977), read with the definition of subordinated building operations as set out in the Regulations of the said Act..... R40,00

14. *Charges payable, except for the approval of building plan*

(1) Charges payable for a permit to utilise municipal property for the storage of building material and to erect a hoarding thereon where applicable will be as follows:

(i) Deposit for a residential dwelling occupied or destined to be occupied by a single family..... R50,00

(ii) Rental per week or part thereof (for a maximum of 12 weeks whereupon application for renewal may be made). R10,00

(iii) Deposit of any other building..... R500,00

(iv) Rental per square meter per week or part thereof (for a maximum of 24 weeks whereupon application for renewal may be made). R2,00

15. *Charges payable for plan and other prints*

TABLE 1

Plan size	Paper	Poliester—Film Durester
A0	R15,00	R20,00
A1	R10,00	R15,00
A2	R5,00	R10,00

(iii) Waar 'n goedkeuring van 'n plan ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 (4) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), verval het, is die gelde vir die hernuwing van sodanige plan 50% van die gelde van toepassing ten tye van die hernuwing met 'n minimum van R75,00

(5) By die berekening van oppervlakte in subitems 13 (1), 13 (2) en 13 (3), word die totale afmetings van die gebou op elke verdieping, maar met die uitsluiting van die oppervlakte van 'n buite-trap, skoorsteenbors, been en dakoorhang tot 'n maksimum van 1 m en ander uitsteke, in aanmerking geneem.

(6) Waar dit as gevolg van werk wat nie behoorlik voltooi is nie, of nie-bywoning van 'n inspeksie deur 'n verantwoordelike persoon nodig is om 'n herbesoek aan die perseel te onderneem, is die volgende tarief betaalbaar vir elke herbesoek..... R30,00

(7) Goedkeuring van ondergeskikte bouwerke soos omskryf in Artikel 13 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) saamgelees met die definisie van klein bouwerke in die regulasies van genoemde wet R40,00

14. *Gelde betaalbaar behoudens die goedkeuring van bouplanne:*

(1) Vir 'n permit om 'n munisipale eiendom te gebruik om boumateriaal daarop te stort en waar nodig met skutting af te skort:

(i) Deposito vir 'n residensiële woonhuis bewoon of bestem vir bewoning deur 'n enkele gesin. ... R50,00

(ii) Huurgeld per week of gedeelte daarvan (vir 'n maksimum tydperk van 12 weke, waarna aansoek om hernuwing gedoen kan word). R10,00

(iii) Deposito vir enige ander gebou. ... R500,00

(iv) Huurgeld per vierkante meter per week of gedeelte daarvan (vir 'n maksimum tydperk van 24 weke, waarna aansoek om hernuwing gedoen kan word). R2,00

15. *Gelde betaalbaar vir plan- en ander afdrukke*

TABEL 1

Plangrootte	Papier	Poliester—Film Durester
A0	R15,00	R20,00
A1	R10,00	R15,00
A2	R5,00	R10,00

TABLE 2

Map description	Paper	Poliester—Film Durester
Clayville Street no. Plan	R15,00	R20,00
Kyalami/Glenferness Division Plan	R10,00	R15,00
Road Master Plan	R15,00	R20,00
Randjesfontein Division Plan	R15,00	R20,00
Midrand 1:20 000	R15,00	R20,00
Midrand 1:10 000/sheet	R15,00	R20,00

TABLE 3

Photo copies	Per copy
A4	R0,20
A3	R0,50

TABLE 4

Volume	Per volume
Town-planning Scheme	R30,00
GAPS-report	R20,00
Structure plan	R50,00

16. Midrand basic plan in digital format, per kilo byte R0,10 with a minimum charge of .. R50,00

H. R. A. LUBBE,

Town Clerk.

Municipal Offices
Old Johannesburg Road
RANDJES PARK;

Private Bag X20
HALFWAY HOUSE
1685.

1 December 1992.

(Notice No. 2/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 178

TOWN COUNCIL OF MIDRAND

AMENDMENT OF THE BY-LAWS RELATING TO THE HIRE OF COMMUNITY HALLS

The Town Clerk of Midrand publishes hereby in terms of the provisions of section 101 of the Local Authority Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), that the By-laws relating to the Hire of Community Halls published by Local Authority Notice 1600 of 8 May 1991 will be revoked *in toto* and substituted by the By-laws as set forth hereunder.

DEFINITION

1. For the purpose of these By-Laws, unless the context otherwise indicates—

“bazaar” means any public function arranged, conducted or managed solely or together, by a religious institution or an acknowledged political party or an organization, institution, association or club which—

(a) promotes the public health including the nursing of the sick;

TABEL 2

Kaartbeskrywing	Papier	Poliester—Film Durester
Clayville Straat no. plan	R15,00	R20,00
Kyalami/Glenferness Verdelingsplan	R10,00	R15,00
Padmeesterplan	R15,00	R20,00
Randjesfontein Verdelingsplan	R15,00	R20,00
Midrand 1:20 000	R15,00	R20,00
Midrand 1:10 000/vel	R15,00	R20,00

TABEL 3

Fotostate	Per kopie
A4	R0,20
A3	R0,50

TABEL 4

Bundel	Per bundel
Dorpsbeplanningskema	R30,00
GAPS-verslag	R20,00
Struktuurplan	R50,00

16. Midrand basisplan in digitale formaat, per kilobyte R0,10, met 'n minimum van..... R50,00

H. R. A. LUBBE,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Ou Johannesburgweg
RANDJES PARK;

Privaatsak X20
HALFWAY HOUSE
1685.

1 Desember 1992.

(Kennisgewing No. 2/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 178

STADSRAAD VAN MIDRAND

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VERHUUR VAN GEMEENSKAPSALE

Die Stadsklerk van Midrand publiseer hierby ingevolge die bepaling van artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), dat die Verordeninge betreffende die Verhuur van Gemeenskapsale, afgekondig by Plaaslike Bestuurskennisgewing 1600 van 8 Mei 1991, *in toto* herroep en met die verordeninge soos hierna uiteengesit vervang word:

WOORDOMSKRYWING

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken—

“basaar” enige openbare byeenkoms wat uitsluitlik of saam met 'n ander geleentheid gereël, bedryf of bestuur word deur 'n godsdienstige instelling of 'n geregistreerde politieke party of 'n inrigting, instelling, vereniging of klub wat—

(a) die volksgesondheid bevorder met inbegrip van die verpleging van siekes;

- (b) is registered as a welfare organization;
- (c) promotes education, science or literature;
- (d) promotes sport and recreation;
- (e) promotes art and culture including music, opera and drama;
- (f) acts in the interest of youth or promotes child welfare;
- (g) promotes the safety and defence of the public;
- (h) promotes seminars and congresses;

with the object of collecting funds from the public by way of games, competitions, the sale of goods which were collected for that purpose, and the provision of refreshments: Provided that an institution, organization or club, of which any person concerned with the administration thereof, or whose property it is, obtains any profit or gain, shall not be included in this definition;

"crockery and cutlery" means items normally used at a function;

"deposit" means the amount payable as a deposit at reservation and which amount shall be refundable if no damage is caused or no equipment is missing;

"charges" means the tariff of charges determined by the Council from time to time in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;

"closed gathering" means an assemblage of people who are present in a hall by special invitation of the hirer who has in terms of section 4 (1) reserved admission to the hall hired by him;

"hirer" means the person, his employees or helpers, who has signed the prescribed form of agreement, for the hire of a hall and, if signed on behalf of a club, firm or any other institution, also such club, firm or institution.

"juvenile" means persons under the age of 18 years, who must, under all circumstances, be under the supervision of an adult person.

"hall" means any of the halls or part thereof or other accommodation or accessories of the Council, in respect of which charges shall be paid for the hire thereof and also includes the halls located in Rabie Ridge or any other area or place under the jurisdiction of the Council;

"caretaker" means the officer appointed by the Council from time to time to exercise control over the halls;

"Council" means the Town Council of Midrand, the Council's Management Committee acting under the powers delegated to the Council in terms of the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance (Administration and Elections), 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (3) to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vested in the Council in relation to these By-laws;

- (b) geregistreer is as 'n welsynsorganisasie;
- (c) die opvoeding, wetenskap of letterkunde bevorder;
- (d) sport en ontspanning bevorder;
- (e) kuns en kultuur met inbegrip van musiek, opera en drama bevorder;
- (f) wat in belang van die jeug optree of kindersorg bevorder;
- (g) die veiligheid en beskerming van die publiek bevorder;
- (h) seminare en kongresse vir ander dan winsgeoriënteerde doeleindes aanbied;

met die doel om fondse van die publiek in te samel deur middel van speletjies, kompetisies, die verkoop van goedere wat vir dié doel versamel is en die verskaffing van verversings: Met dien verstande dat 'n inrigting, instelling, vereniging of klub waarvan enige persoon wat met die administrasie daarvan gemoeid is, of wie se eiendom dit is, enige profyt of wins verkry, nie by hierdie omskrywing ingesluit is nie;

"breekware en eetgerel" items wat normaalweg by 'n funksie gebruik word;

"deposito" die bedrag wat by bespreking betaalbaar en terugbetaalbaar is indien geen skade aangerig of toerusting vermis word nie;

"gelde" die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;

"geslote byeenkoms" 'n byeenkoms van mense wat teenwoordig is in 'n lokaal by spesiale uitnodiging van die huurder wat ingevolge die bepalinge van artikel 4 (1) die reg van toegang tot die lokaal deur hom gehuur voorbehou het;

"huurder" die persoon, sy werknemers of helpers, wat die voorgeskrewe ooreenkomsform vir die huur van 'n lokaal geteken het en indien die vorm namens 'n klub, firma of enige ander instelling geteken is, dan ook sodanige klub, firma of instelling.

"jeugdige" persone onder die ouderdom van 18 jaar, wat onder alle omstandighede onder toesig van 'n volwassene moet wees;

"lokaal" enige van die lokale of gedeeltes daarvan of ander akkommodasie of toebehore van die Raad, ten opsigte waarvan gelde betaal moet word vir die huur daarvan, en sluit in die lokale geleë te Rabie Ridge en enige ander gebied of plek waar die Raad jurisdiksie het;

"opsigter" die beampte wat van tyd tot tyd deur die Raad aangestel is om beheer oor lokale uit te oefen;

"Raad" die Stadsraad van Midrand, die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalinge van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Komitee ingevolge die bepalinge van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer en dit inderdaad gedelegeer het.

LETTING OF HALLS

2. (1) Applications for the hire of halls shall be dealt with in the order in which they are received.

(2) The Council reserves the right to refuse to let a hall and also to cancel any reservation or agreement of lease for any of the following reasons:

- (a) If, in the sole discretion of the Council, the entertainment or purpose for which a hall is required is undesirable or in any other respect contrary to public morals, interest or decency;
- (b) if the hall is required for purposes which in the opinion of the Council should receive priority, in which event the Council shall not be liable for any expense incurred or loss or damage suffered by the hirer save that the Council shall refund any amounts paid by the hirer to the Council;
- (c) if, in the sole discretion of the Council, damage to the building or its furniture may reasonably be expected to result at such function;
- (d) failure by the hirer to observe any of the conditions or provisions of these By-laws, in which event all the amounts paid by the hirer shall be forfeited.

(3) No intoxicating liquor shall be brought into the halls without the written permission of the Council.

(4) The hall shall be let to the hirer on the distinct understanding that, in the sole discretion of the Council, no overcrowding thereof shall take place, and that the number of persons allowed in the hall shall be limited to the seating accommodation available. No persons shall be allowed to congregate in the passages, aisles or doorways of the hall. When the available seating accommodation has been occupied, the hirer shall refuse admission to any person in excess of such seating capacity.

(5) The hirer shall not use any other part of the building except the hall which he hires, and he shall be responsible for ensuring that no person admitted by him to the hired hall or any of his employees or helpers, enter or move about in any unauthorised part of the building.

(6) Certain halls, as indicated by the Council in its sole discretion, shall be available for indoor sport activities.

(7) Halls may be let to any religious organization only on Sundays for a maximum period of six (6) months at a time, subject to the fact that such an organization shall be liable for cleaning of the hall and for payment of the applicable tariff of charges.

(8) Subject to the provisions of subsection (7), no hall shall be let on Family Day, Christmas Day, Good Friday or Ascension Day, save for church and remembrance services.

(9) Without the special consent of the Council and subject to the provisions of subsection (7), no hall shall be let for a continuous period of more than 14 days to any person, body or institution.

(10) Without the special consent of the Council, no hall shall be let to any person, body or institution for more than 7 separate days in any calendar month.

RESERVATION AND PAYMENT OF FEES

3. (1) Any person who wishes to hire a hall from the Council, shall, during normal office hours, complete the agreement in the form as laid down by the Council and the person by whom such an agreement is signed, shall be considered the hirer.

VERHUUR VAN LOKALE

2. (1) Aansoeke vir die huur van lokale word in die volgorde waarin hulle ontvang word, behandel.

(2) Die Raad behou die reg voor om te weier om 'n lokaal te verhuur, asook om enige bespreking of huurooreenkoms om enige van die volgende redes te kanselleer:

- (a) Indien die vermaaklikheid of doel waarvoor 'n lokaal benodig word, in die uitsluitlike diskresie van die Raad ongewens of in enige ander aspek teenstrydig is met die openbare sedes, belang of fatsoenlikheid;
- (b) indien dit benodig word vir die uitsluitlike doeleindes wat na die mening van die Raad voorkeur behoort te geniet, in welke geval die Raad nie aanspreeklik is vir enige uitgawes wat aangegaan of verlies of skade wat gely is deur die huurder nie, behalwe dat die Raad enige gelde wat deur die huurder aan die Raad betaal is, terugbetaal;
- (c) indien dit in die uitsluitlike diskresie van die Raad redelikerwys verwag kan word dat sodanige byeenkoms beskadiging aan die lokaal of sy meubels tot gevolg kan hê;
- (d) as die huurder in gebreke bly om enige voorwaardes of bepalinge van hierdie verordeninge na te kom, waarby die huurder ook alle bedrae deur hom betaal, verbeur.

(3) Geen bedwelkende drank mag sonder die skriftelike toestemming van die Raad in 'n lokaal gebring word nie.

(4) Die lokaal word aan die huurder verhuur onder die uitdruklike verstandhouding dat daar in die uitsluitlike diskresie van die Raad geen buitengewone gedrang mag wees nie en dat die aantal persone wat in die saal toegelaat word, tot die beskikbare sitplekke beperk word. Geen persone word toegelaat om in die gange, sygange of deuropeninge van die lokaal saam te drom nie. Wanneer die beskikbare sitplekke in beslag geneem is, moet die huurder toegang weier om diegene vir wie daar nie sitplekke is nie.

(5) Die huurder mag geen ander gedeelte van die gebou uitgesonderd die lokaal wat hy huur, gebruik nie en hy is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat geen persoon wat hy tot die gehuurde lokaal toelaat of enigeen van sy werknemers of helpers enige ongemagtigde deel van die gebou betree of daarin rondbeweeg nie.

(6) Sekere lokale soos deur die Raad in sy uitsluitlike diskresie aangedui, is beskikbaar vir binnenshuise sportaktiwiteite.

(7) Sale kan aan enige kerklike organisasie vir 'n maksimum tydperk van ses (6) maande aaneenlopend op 'n keer slegs op Sondag verhuur word, onderworpe daaraan dat hulle self vir die skoonmaak van die saal verantwoordelik is en die nodige tariewe soos van toepassing betaal.

(8) Behoudens die bepalinge van subartikel (7), word geen lokaal vir Gesinsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag en Kersdag verhuur nie, uitgesonderd vir kerk- en herdenkingsdienste.

(9) Sonder die spesiale toestemming van die Raad en behoudens die bepalinge van subartikel (7), mag 'n lokaal nie vir 'n aaneenlopende tydperk van langer as 14 dae aan enige persoon, liggaam of instelling verhuur word nie.

(10) Sonder die spesiale toestemming van die Raad mag 'n lokaal nie aan enige persoon, liggaam of instelling vir meer as 7 afsonderlike dae in enige kalendermaand verhuur word nie.

BESPREKING EN BETALING VAN GELDE

3. (1) Iemand wat 'n lokaal by die Raad wil huur, kan gedurende gewone kantoorure die ooreenkoms in die vorm soos deur die Raad bepaal voltooi en die persoon deur wie sodanige ooreenkoms onderteken is, word as die huurder beskou.

(2) (a) Reservation for the hire of any hall may be made by payment of a reservation charge of 50% of the charge payable: Provided that no booking shall be made more than 6 months in advance without the approval of the Council, and the balance of the prescribed charge shall be paid not later than 10 days before the reserved date, in default of which the booking shall automatically lapse: Provided further that the full prescribed charge shall accompany the application for reservation if such application is made within 10 days of the date of reservation.

(b) If the prescribed charges are not paid as provided in paragraph (a), the Council shall have the right to refuse to open the doors of the hired hall or to allow any person admission thereto.

(3) No public notices shall be issued before negotiations regarding a reservation, as required by the Council, have been finalised.

(4) If the hirer cancels the reservation or fails to confirm the reservation in terms of subsection (2) or to use the hall concerned, he shall forfeit all moneys paid by him to the Council in respect of the hire charged, except where the Council re-lets the hall concerned for the time and date in which event he shall only forfeit the amount, if any, by which the charge exceeds the amount received by the Council for such re-letting.

(5) The Council may, where it or any other hirer will not be prejudiced and for good and sufficient reasons, in its discretion allow transfers of reservation dates in respect of a hall or transfers of reservations between various halls at the charge applicable to such hall, without any penalty: Provided that the hirer shall inform the Council accordingly in writing on or before the fourteenth day preceding the date on which the hire commences.

(6) Any hirer who requires the use of any hall for rehearsals, shall indicate this on the application for the use of the hall and pay the prescribed charges.

(7) Notwithstanding any other provision contained in these By-laws, the Council may levy special charges in respect of the institutions and functions mentioned in section 79 (16) (a) of the Local Government Ordinance, 1939.

(8) The hirer shall be responsible for payments in respect of any extras whatsoever incurred by the caterer of the hirer during any hiring: Provided that the Council shall not be under any obligation to do extra work or to supply any such extras.

(9) Any person hiring accommodation in a hall shall, subject to subsection (4), be permitted to postpone a reservation once only without forfeiting his deposit, but should the second reservation not be utilized and the agreement of lease be cancelled, all moneys paid by him shall be forfeited and the accommodation reserved *de novo*. If the hirer desires to postpone an agreement of lease previously concluded, written intimation to that effect shall be given by the hirer to the Council not later than 14:00 on the fourteenth day prior to the date of reservation.

(10) In the event of any dispute or doubt arising as to the tariff which shall apply to any particular type of function for which any hall, equipment or service is hired, the Council's decision shall be final.

(11) The hire of any hall shall include the normal cost of cleaning, seating, lighting and the normal service of the caretaker.

(2) (a) Bespreking vir die huur van enige lokaal kan gedoen word teen betaling van 'n deposito en 'n besprekingsgeld van 50% van die gelde betaalbaar: Met dien verstande dat geen bespreking meer as 6 maande vooruit sonder die goedkeuring van die Raad mag geskied nie en dat die balans van die voorgeskrewe gelde nie later as 10 dae voor die gereserveerde datum betaal word nie, by gebreke waarvan die bespreking outomaties verval: Voorts met dien verstande dat die volle voorgeskrewe gelde die aansoek om reservering moet vergesel indien sodanige aansoek binne 10 dae voor die gereserveerde datum gedoen word.

(b) Indien die voorgeskrewe gelde nie betaal is soos in paragraaf (a) bepaal nie, het die Raad die reg om te weier om die deure van die gehuurde lokaal oop te maak of om enige persoon toe te laat om daar in te gaan nie.

(3) Geen openbare kennisgewing mag uitgereik word voordat onderhandelings in verband met 'n bespreking soos deur die Raad vereis gefinaliseer is nie.

(4) Indien die huurder die bespreking kanselleer of nalaat om die reservering ingevolge subartikel (2) te bekragtig, of om die betrokke lokaal te gebruik, verbeur hy alle gelde deur hom aan die Raad ten opsigte van die huurgelde betaal, tensy die betrokke lokaal deur die Raad herverhuur word vir die tyd en datum waarvoor dit vir die huurder gereserveer of aan hom verhuur is, in welke geval hy slegs die bedrag, indien enige, waarmee die gelde die bedrag deur die Raad ontvang ten opsigte van sodanige herverhuur oorskry, verbeur.

(5) Die Raad kan, waar hy of enige ander huurder nie benadeel word nie en vir goeie en voldoende redes, in sy diskresie oordragte van bespreekte datums ten opsigte van 'n lokaal, of oordragte van besprekings tussen die onderskeie lokale teen die gelde van toepassing op sodanige lokaal, toelaat, sonder enige strafbepaling: Met dien verstande dat die huurder die Raad dienoreenkomstig skriftelik kennis gee voor of op die veertiende dag wat die datum waarop die huur 'n aanvang neem, voorafgaan.

(6) Enige huurder wat die gebruik van enige lokaal vir repetisies verlang, moet daarvan melding maak in die aansoek om die gebruik van die lokaal en die voorgeskrewe gelde daarvoor betaal.

(7) Behoudens enige ander bepaling in hierdie verordeninge vervat, kan die Raad spesiale gelde hef ten opsigte van die instansies en funksies in artikel 79 (16) (a) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vermeld.

(8) Die huurder is aanspreeklik vir betalings met betrekking tot enige ekstras hoegenaamd wat aangegaan word deur die verversingsondernemer van die huurder tydens 'n huur: Met dien verstande dat die Raad geensins verplig is om ekstra werk te doen of om enige sodanige ekstras te verskaf nie.

(9) Enige persoon wat akkommodasie in 'n lokaal huur, word behoudens subartikel (4) toegelaat om 'n bespreking slegs een keer uit te stel sonder om die besprekingsgeld te verbeur, maar indien van die tweede bespreking nie gebruik gemaak word nie en die huurkontrak gekanselleer word, word die besprekingsgeld verbeur en die akkommodasie *de novo* bespreek. Indien die huurder verlang om 'n huurkontrak wat vroeër aangegaan is, uit te stel, word 'n kennisgewing te dien effekte deur die huurder aan die Raad gerig, nie later nie as 14h00 van die veertiende dag voor die besprekingsdatum.

(10) Ingeval enige verskil of twyfel ontstaan aangaande die tarief wat van toepassing is op enige besondere soort byeenkoms waarvoor enige lokaal of toerusting of diens gehuur moet word, is die Raad se beslissing finaal en bindend.

(11) Die huur van enige lokaal sluit die gewone koste van skoonmaak, sitplek, beligting en gewone dienste van die opsigter in.

(12) Where, in the sole discretion of the Council, it is deemed advisable that the hirer should take the precaution of having members of the S A Police present at the occasion for which the particular hall is let, the hirer shall at his own cost, make arrangements for the presence of an adequate number of members of the S A Police to ensure the maintenance of order at such an occasion. The hirer shall provide satisfactory proof of such arrangements made, in default of which the Council shall have the right to refuse to open the doors of the hired hall or to admit any person thereto.

(13) Where, in the sole discretion of the Council, the nature of a function or assembly in any hall renders it desirable for a fireman or firemen to be present, such attendance shall be compulsory, and the charge per fireman for such attendance shall be as determined by resolution of the Council from time to time and be payable by the hirer.

(14) In the event of refusal to let any hall or termination of the agreement of lease in terms of subsection 2 (2), the Council shall compensate to the hirer the full amount without interest which he paid in respect of the hire, or if the termination occurs during the term of hire, a proportional part thereof, but is not liable to pay to the hirer or any other person any amount as compensation or indemnification or otherwise as result of such a refusal or termination.

SCOPE OF HIRE AND RELEVANT TERMS RIGHT OF ADMISSION

4. (1) Subject to the provisions of subsection 2 (2), the hirer shall have the right to reserve admission to a hall hired by him and shall be held responsible for the due observance and carrying out of the following stipulations:

- (a) No person who, in the sole opinion of the Council, is intoxicated, and behaves himself indecently or who is unsuitably dressed, shall be admitted to the hired hall, or having gained admission be permitted to remain therein.
- (b) No person who has not been invited to the function or who has not paid admission to the function for the purposes for which the accommodation has been hired, may be supplied with intoxicating liquor or other refreshments by the hirer's caterer.
- (c) No person shall, in the sole discretion of the Council, be permitted to dance in a hall unless properly shod for dancing in order to prevent damage to the floor surface.

(2) The right shall be reserved to the Town Clerk, the Chief Security, the Chief Fire Officer, the caretaker, or any duly authorised officer of the Council, to enter the hired premises at all times for official purposes.

ADMISSION OF PUBLIC AND SALE OF TICKETS

5. The hirer shall be responsible for all arrangements in connection with the admission of the public, the provision of ushers, police and such staff as may be necessary to control the admission and conduct of persons on the premises and the sale of tickets.

(12) Waar dit na die uitsluitlike mening van die Raad raadsaam geag word dat die huurder voorsorg moet tref vir die aanwesigheid van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie by die geleentheid waarvoor die betrokke lokaal verhuur word, moet die huurder op eie koste reëlings tref vir die aanwesigheid van 'n voldoende aantal lede van die Suid-Afrikaanse Polisie om die handhawing van orde by so 'n geleentheid te verseker. Die huurder moet bevredigende bewys lewer van reëlings aldus getref, by onstentenis waarvan die Raad die reg het om te weier om die deure van die gehuurde lokaal oop te maak of om enige persoon toe te laat om dit te betree.

(13) Waar dit na die uitsluitlike mening van die Raad, weens die aard van die funksie of byeenkoms in enige lokaal wenslik geag word dat 'n brandweerman of brandweermanne aanwesig moet wees, is sodanige aanwesigheid verpligtend en die koste per brandweerman vir sodanige aanwesigheid is soos van tyd tot tyd deur die Raad by besluit bepaal, en is deur die huurder betaalbaar.

(14) In die geval van weiering om enige lokaal te verhuur of die beëindiging van die huurooreenkoms ingevolge artikel 2 (2), vergoed die Raad aan die huurder die volle bedrag, sonder rente, wat hy ten opsigte van die huur betaal het of, indien die beëindiging plaasvind gedurende die huurtermyn, 'n proporsionele gedeelte daarvan, maar is nie aanspreeklik om aan die huurder of enige ander persoon enige bedrag as vergoeding of skadevergoeding of andersins te betaal as gevolg van sodanige weiering of beëindiging nie.

OMVANG VAN HUUR EN BEPALINGS IN VERBAND DAARMEE REG VAN TOEGANG

4. (1) Behoudens die bepalings van subartikel 2 (2), word die reg hierby aan die huurder verleen om toelating tot die lokaal wat deur hom gehuur is, te reserveer en die huurder is aanspreeklik vir die behoorlike nakoming en uitvoering van die volgende bepalings:

